

3 Mei

SKRIFGEDEELTE: LEVITIKUS 9

FOKUSGEDEELTE: LEVITIKUS 9:1-7

Nader God met versigtige vrymoedigheid

Ons lees hier van 'n hele aantal voorskrifte wat nagekom moes word om die Here aan te roep. Dit moes nagekom word alvorens Hy (so blyk dit) aan die volk sou verskyn. Daarby moes die voorskrifte deur tussengangers (priesters) nagekom word tot voordeel van die volk. So moes dan geoffer word en kon met die Here "gepraat" word. En die voorskrifte moes getrou nagekom word, anders het die Here stil gebly of selfs in toorn teenoor mense ontvlam.

Ons het vandag die voorreg om direk en enige tyd voor die Here in gebed te verskyn. En hoewel daar nie vir ons 'n klomp voorskrifte is nie, moet ons onthou: God is heilig en ons sondige wesens wat alleen deur Jesus toegang tot God het. Daarom moet ons altyd bly dink wat ons doen as ons tot God bid. Dit bly "heilige grond" waarop ons staan as ons voor Hom nader. Tog mag ons dit met vrymoedigheid doen omdat Hy ons Vader is en ons sy kinders. Verder het ons die versekering dat met Jesus as Voorspraak by Hom, ons gehoor en verhoor sal word. Dit vra egter wel dat ons Hom in geloof as enigste Here sal ken en erken en gehoorsaam. En as dit die geval is, sal ons die gebed nie misbruik om God bloot vir eie gewin te gebruik nie, maar tot sy eer.

Sing: Ps. 33:11

Ds Piet Fanoy (Ontdekkers)